*Rudi MR Venter*

# Uitgewery-ondersoek en die kartering van die boekuitgewerybedryf: Nuwe geleenthede vir (Suid-)Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing

Abstract: *Mapping the book publishing industry through empirical research: New opportunities for Afrikaans / South African literary historiography*

*This article provides an overview of theoretical and methodological concepts that can be utilised for empirical research into the book publishing industry. Publishing research is positioned within the broader field of book studies / book history. Some of the issues highlighted include: the epistemology of production statistics, analysis of publishing lists, and the availability and usefulness of quantitative research on book production. A methodological framework for the profiling of the South African book publishing industry, in the format of a model of the "publishing system", is tabled. An overview of the impact of book studies and publishing research on Afrikaans literary studies is provided. The article concludes with a perspective on new research possibilities for Afrikaans literary studies and proposes an inter-institutional, multi-disciplinary team research project for the development of a comprehensive history of the Afrikaans (fiction) book.*

## 1. Inleiding en kontekstualisering

Die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf verteenwoordig binne die Afrika-konteks 'n besonderse inheemse prestasie. Dit is die grootste, mees diverse en tegnologies mees gevorderde boekuitgewerybedryf op die kontinent (PICC, 2004:51). Die ontwikkeling van dié bedryf hou direk verband met die breë Suid-Afrikaanse geskiedenis van kolonialisme, apartheid en die oorgang na demokrasie, asook met die verbandhoudende ekonomiese, politieke, institusionele en tegnologiese faktore wat uitgeebeslissings beïnvloed (Evans & Seeber, 2000:4; Galloway, 2002:204, 219).

Die transformasie na ’n demokratiese Suid-Afrikaanse bestel het verreikende gevolge ingehou vir die kulturele bedrywe in die land. Die 1990s kan beskou word as ’n oorgang vir die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf. Dit is die era waartydens dié bedryf te staan gekom het voor die uitdaging om te transformeer vanaf die funksionering daarvan in ’n konteks van apartheid tot die funksionering in die konteks van ’n ontplooiende post-apartheid-demokrasie. Hierdie oorgangsera was ’n periode van dramatiese transformasie met betrekking tot die omvang, grootte en kultuur van die Suid-Afrikaanse (én Afrikaanse) boekuitgewerybedryf.

Aan die vooraand van die demokratiese bestel is hoë verwagtinge gekoester vir die verandering en ontwikkeling van die plaaslike boekuitgewerybedryf, onder leiding van die destydse polities alternatiewe en onafhanklike uitgewerye, en die toekomstige rol wat dit kon vervul in die demokratisering van Suid-Afrika (vergelyk die referate wat tydens die *Book Publishing in South Africa for the 1990s*-simposium gelewer is – Suid-Afrikaanse Biblioteek, 1991). Dit is egter ’n ope vraag of die plaaslike boekuitgewerybedryf oor die afgelope veertien jaar van demokrasie genoegsaam getransformeer en gediversifiseer het. Volgens Oliphant (2000:121) het die bedryf gedurende die 1990s agteruitgegaan in terme van die diversiteit in eienaarskap, die verskeidenheid in boekproduksie en waarskynlik ook in die sosiale belang van die bedryf. Ook Wafawarowa (2004) is krities en voel dat die bedryf nie genoegsaam getransformeer het nie, veral in terme van diversiteit in eienaarskap. Ten spyte van sy kritiek beskou Oliphant die bedryf as van nasionale belang vir die bevordering van die inheemse literêre kulture van Suid-Afrika.

Dit is problematies dat debatte oor boekproduksie nie berus op indringende empiriese navorsing oor boekproduksie nie. Binne dié verband ontstaan die vraag na wat die presiese, wetenskaplik-gefundeerde, impak van transformasie op die produksie van boeke was en hoe dit gekarteer kan word.

Hierdie artikel poog om ’n perspektief op laasgenoemde vraag te gee deur ’n oorsig te bied van teoretiese en metodologiese konsepte wat benut kan word vir empiriese navorsing oor die uitgewerybedryf. Die artikel sal die studieterrein “boekstudie” en die toepassingsterrein “uitgewery-ondersoek” posisioneer. Aandag word gegee aan die epistemologie van boekproduksiestatistiek en fondslys-analise en die beskikbaarheid en bruikbaarheid van kwantitatiewe navorsing oor boekproduksie word belig. Daarna word ’n metodologiese raamwerk voorgestel wat benut kan word vir die daarstelling van profiele van die uitgewerybedryf. ’n Model van die “uitgeesisteem” word bespreek. Daarna fokus die artikel op ’n oorsig van die neerslag wat boekstudie en uitgewery-ondersoek tot dusver in die Afrikaanse literatuurwetenskap gevind het. Ten slotte word ’n perspektief gebied op nuwe navorsingsmoontlikhede vir die Afrikaanse literatuurwetenskap en ’n

voorstel gemaak vir ’n inter-institusionele, multidissiplinêre spannavorsingsprojek vir die skryf van ’n geskiedenis van die Afrikaanse (fiksie)boek.

## 2. Boekstudie as studieterrein

Die “geskiedenis van die boek”, boekgeskiedenis of boekstudie, is ’n relatiewe nuwe studieterrein wat aan die einde van die negentiende eeu ontstaan het en stelselmatig gedurende die twee helfte van die twintigste eeu momentum gekry het. Deur middel van die interdissiplinêre en hibridiese aard daarvan word gepoog om die sosiale, kulturele en ekonomiese implikasies van die produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media te begryp (SHARP, 2007). Boekhistorici bestudeer die sosiale, kulturele en ekonomiese geskiedenis van outeurskap; die geskiedenis van die boekhandel, outeursreg, sensuur en ondergrondse uitgee-aktiwiteite; die uitgee-geskiedenis van spesifieke boeke, outeurs, redakteurs, drukname en literêre agente; die ontwikkeling van geletterdheid en die verspreiding van boeke; kanonvorming en die politiek van literêre kritiek; en die biblioteekwese, leesgewoontes en die lesersresepsie (SHARP, 2007). Dit betrek dus ’n wye verskeidenheid domeine en vakgebiede en oorspan en rekonfigureer verskeie teoretiese benaderings en metodologieë, onder andere uitgewerswese en uitgeegeskiedenis; biblioteekkunde en bibliografiese studie; geletterdheidstudie, leserstudie en resepsie-studie; literatuurwetenskap, literêre kritiek en teksstudie; en literatuursosiologie en sosio-kulturele studie. Alhoewel die studieveld bekend geraak het as boek*geskiedenis*, sluit dit nie slegs historiese ondersoek in nie, maar ook ondersoeke na die eietydse of kontemporêre produksie, verspreiding, resepsie en verbruik van boeke en ander gedrukte media. ’n Meer juiste beskrywing waarin al die domeine en vakgebiede, asook beide historiese en kontemporêre ondersoek, ondervang word, is die term “boekwetenskap” of “boekstudie”. Vergelyk in hierdie verband Rose (2001) se pleidooi vir interdissiplinêre akademiese programme in boekstudie waarin aandag gegee word aan die bestudering van alle vorme van geskrewe en gedrukte dokumente uit die verlede, in die hede en vir die toekoms.

Tot onlangs het boekstudie in Suid-Afrika slegs in gefragmenteerde vorm en sonder ’n oorkoepelende saamtrek van toepassingsterreine wat daarby aansluit, bestaan. Bestaande Suid-Afrikaanse navorsing wat indirek by boekstudie aansluit, maar nie binne die raamwerk van dié studieterrein onderneem is nie, was tematies gerig op die verband tussen regeringsbeleid en boekontwikkeling, die ontwikkeling van ’n nasionale boekontwikkelingsbeleid en die bevordering van ’n leeskultuur (vergelyk Land, 2003:93-124; BDCSA, 1997). Sedert 2000 het ’n groep geïnteresseerde plaaslike navorsers stelselmatig begin toetree tot die studieterrein deur gereelde deelname aan internasionale kongresse en die vestiging van plaaslike navorsingsprogramme en opleidingsinisiatiewe. Hierdie

groep navorsers vorm deel van ’n interinstitusionele spannavorsingsprojek waarin verskeie boekstudie-fokusse aangespreek word. Die “South African Book History”-groep het reeds ’n aantal plaaslike kollokwiums georganiseer en saam in tematiese nommers van akademiese tydskrifte gepubliseer. (Vergelyk Hofmeyr & Kriel, 2006:1-19, en die ander artikels in daardie spesifieke nommer van die tydskrif *South African Historical Journal* vir ’n oorsig oor Suid-Afrikaanse navorsing op hierdie terrein.)

## 3. Uitgewery-ondersoek as toepassingsterrein

Uitgewery-ondersoek kan beskou word as ’n enkele vertakking van boekstudie en die sentrale vertrekpunt van ondersoek is die *produksie* van boeke. Die Nederlandse literatuurwetenskaplike en boekstudienavorser Frank De Glas (1989:15) het dit teen die einde van die tagtigerjare van die vorige eeu gestel dat die literatuurwetenskap en literatuuropvattings in die verlede weinig aandag gegee het aan die uitgewery as onderwerp van studie. Uitgewerye het soms gefigureer in literatuurgeskiedskrywing of in studies oor literêre strominge (byvoorbeeld waar uitgewerye nóú verbind was met ’n spesifieke stroming of skrywersgroep). Hoewel De Glas verwys na die internasionale (en Nederlandse) situasie van die laat 1980s, is dié opmerkings eweneens geldig vir die Suid-Afrikaanse literatuurwetenskap: ook hier te lande is min navorsing tot op hede gedoen oor die uitgewerybedryf en is die uitgewery grotendeels oor die hoof gesien in literatuurgeskiedenisse. Soos in Nederland (De Glas, 1989:27), bestaan daar ook plaaslik ’n tekort aan wetenskaplike studies wat as uitgewery-ondersoek beskou kan word en waarin die uitgewery sentraal staan.

Tien jaar later voel De Glas (1999) dat daar wel op internasionale front vordering gemaak is met navorsing oor die twintigste-eeuse literêre uitgewery (uitgewerye van – ook – fiksie). Die aandag het verskuif vanaf biografieë en outobiografieë oor uitgewers na ’n groeiende belangstelling in literêre institusies as “’n plek van aksie” waar prosesse soos uitgee plaasvind (vergelyk ook De Glas, 1998b:127). ’n Uitvloeisel van hierdie fokusverskuiwing is dat literatuurgeskiedenisse in Europa en die Verenigde State tans hersien word om aandag te skenk aan die invloed van uitgewerye en redakteurs / uitgewers op die produksie van literêre werke en die ontwikkeling van outeurs se oeuvres en reputasies (De Glas, 1998b:127; 1999). De Glas (1998a:386; 1998b:127) voel egter steeds dat daar te min sistematisering en teoretisering oor die rol van die uitgewery binne die terrein van die literatuurwetenskap plaasvind en ook te min gebruik gemaak word van ’n interdissiplinêre benadering waarvolgens, byvoorbeeld, die sosiologie van kulturele produksie by ondersoeke betrek word.

De Glas (2003:102-104) haal McGann aan oor die gedeelde belang tussen boekstudie en literatuurwetenskap: "The price of a book, its place of publication, even its physical form and the institutional structures by which it is distributed and received, all bear upon the product of literary meaning [...] '[T]he work' and its 'mediational structures' are inseparable." De Glas (1989:34-35) redeneer dat uitgewerye eintlik slegs ondersoek kan word deur 'n analise van hulle publikasielyste. Die publikasielys is in der waarheid die vergestalting van die faktore wat die funksionering van die uitgewery bepaal.

Naas De Glas se ondersoeke waarin die uitgewery 'n sentrale posisie beklee, behoort daar in hierdie posisionering van uitgewery-ondersoek ook aandag gegee te word aan die soort kultuursosiologiese ondersoeke wat deur die sogenaamde Tilburgskool verrig is. Aan die Universiteit van Tilburg, Nederland, is daar sedert 1981 binne die Werkverband Literatuursosiologie spesifieke empiriese ondersoeke onderneem na allerlei literêre institusies (insluitend uitgewerye) en die produksie, verspreiding en verbruik van boeke. In 1989 is dié program herdoop as Marketing en Sociologie van het Boek (Joostens, 1990:10; Verdaasdonk, 1990:19, 27-28). Die Tilburgskool volg 'n institusionele benadering en sluit in hul ondersoeke na aspekte van die boeksektor en kulturele institusies veral aan by die kultuursosiologie en verbruikersgedrag. Tans is die navorsingsfokus van die program Bemarking en Sosiologie van die Boek gerig op ondersoeke na kulturele deelname; op kulturele vaardighede waardeur die waarde van kultuurprodukte bepaal word; op die rol van kulturele institusies in die bepaling van die waarde van kultuurprodukte; op die voorwaardes waaronder kulturele institusies bestaan en hul funksie verrig; en op die interaksie tussen verbruikers en kultuurprodukte (Universiteit van Tilburg, 2006). Onder redaksie van Dorleijn & Van Rees (2006) het die belangrike publikasie *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000* verskyn; dit bevat bydraes oor eietydse literatuursosiologiese ondersoeke na die funksies wat die verskeie rolspelers, insluitend die uitgewery, in die literêre veld verrig in terme van die produksie van literatuur.

## 4. Die epistemologie van boekproduksiestatistiek en fondslysanalise – beskikbaarheid en bruikbaarheid van kwantitatiewe navorsing oor boekproduksie

Eliot (2002:284) beskou kwantitatiewe analise as die beginpunt van die kartering van 'n boekproduksielandskap; hy noem ter motivering dat die Engelse boekgeskiedenis reeds vir jare gebaseer is op die Anglo-Amerikaanse tradisie van bibliografiese navorsing. Volgens hom bied 'n kwantitatiewe kartering van die breë landskap van 'n ondersoekveld die grondslag om gevallestudies oor die veld in konteks te plaas en spesifieke detail te interpreteer. Darnton (2002:239-240)

beskou produksiestatistiek as primêre inligting oor ’n ondersoekveld in boekstudie wat ’n oorsig of geheelbeeld van ’n “literêre kultuur” kan verskaf: “something comparable to the early maps of the New World, which showed the contours of the continents, even though they did not correspond very well to the actual landscape”. Joshi (2002:264) sluit by Darton se analogie van landkaarte aan wanneer sy die kwantitatiewe benadering as ’n uitbreiding van literatuurgeskiedskrywing beskou waardeur nuwe ontdekkings moontlik is, “much the way that early maps did in the dissemination of knowledge about ‘new’ worlds [...] Statistics, like maps, are indeed lies to some extent, but [...] they are lies that tell a truth that would not otherwise be evident”.

Eliot (2002:284-286) beskryf die aanwending van die kwantitatiewe metode in navorsing oor boekproduksie as ’n tydsame en arbeidsintensiewe proses. Beskikbare primêre data is dikwels omvangryk; dit is in die vorm van rou data en toegang daartoe is dikwels kompleks. Na die opsporing van bronne moet die betroubaarheid daarvan getoets word; daarna moet dit ingesamel en geakkumuleer word; dan moet metodes gevind word waarvolgens die data só gemanipuleer kan word (sonder om die data te verwring) dat statistiese patrone duidelik word; die statistiese beduidendheid moet getoets word; en eers dán is dit moontlik om die data te interpreteer. Dit is ’n deurlopende proses waartydens bevindings dikwels deur opvolgondersoeke gekontroleer word soos wat nuwe bronne beskikbaar raak of ander navorsingsvrae deur die resultate gegenereer word (Eliot, 2002:288-289) – nie om vorige resultate te weerspreek nie, maar om dit te verfyn en die inligtingswaarde daarvan te verhoog (Eliot, 2002:292).

Wanneer statistiek versigtig geïnterpreteer word en intelligent aangewend word, stel dit die navorser in staat om prosesse in boekgeskiedenis te belig en te verduidelik wat nie andersins moontlik sou wees nie (Eliot, 2002:293). Vir Darnton (2002:258) lê die nut van kwantifisering in die bestudering van ’n kultuur (en van die produkte van só ’n kultuur) daarin dat dit ’n nuwe perspektief bring en bestaande perspektiewe verbreed: “[S]tatistics can reveal configurations and proportions that escape other kinds of observation.” Joshi (2002:264) spreek die versugting uit dat die literatuurwetenskap, wat tot dusver skepties teenoor kwantitatiewe analise gestaan het, oortuig sal raak dat kwantitatiewe data ’n geheelbeeld van ’n “literêre kultuur” moontlik maak wat nie deur die konvensionele kwalitatiewe metodes van teksstudie moontlik is nie. Statistiek is egter slegs ’n hulpmiddel en gee nie finale antwoorde nie; die interpretasie van feite wat deur nuwe statistiek na die oppervlak kom, is soms net moontlik deur die bestudering van die teks deur tradisionele vorme van teksstudie (Joshi, 2002:273). Sy bepleit ’n simbiotiese saambestaan van kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings omdat elk ’n bepaalde nut en waarde het. (Joshi, 2002:273):

> Like all data, statistics ought to be regarded as approximations at best, only as good as the tools to retrieve and manipulate them, and therefore only provisional until different or better statistics – or different or better methods of historical inquiry – emerge. [...] [F]lawed statistics need not necessarily be corrected by ‘correct’ statistics; in some ways, challenges from conventional methods of literary scholarship are far more useful in correcting statistical distortions than more numbers might be.

Kwantitatiewe ondersoeke, na onder andere boekproduksiestatistiek, het dus ’n bepaalde plek in boekstudie en die toepassing daarvan op (ook) die terreine van die literatuurwetenskap, die uitgewerswese, mediastudie en kultuurstudie. Soos hierbo aangetoon, is toonaangewende internasionale navorsers tans besig om die skeptisisme oor statistiek in navorsing oor die boek ’n nekslag toe te dien. Joshi (2002:269) se argument staan vas. Die beperkinge van die kwantitatiewe metode deur statistiese analise diskwalifiseer dit nie as ’n werkbare benadering tot boekstudie én literatuurwetenskap nie; net soos die afwesigheid van perfekte literêre tekste (en absolute objektiewe metodes van teksanalise) nie literatore en kritici laat afsien het van teksstudie nie.

Die tekort aan beskikbare produksiedata en die gebrek aan die standaardisering van metodes van dataversameling by kwantitatiewe uitgewery-ondersoek is nie uniek aan die Suid-Afrikaanse situasie nie. Kovač (2004:21) gee die volgende beskrywing van beskikbare navorsing oor tendense in Europese boekproduksie en -verbruik:

> Book publishing is a dark spot in social and media studies. Throughout the twentieth century, statistics on book production and consumption were inadequate and generated randomly, without properly developed methodology. Even more, in comparison with library science and media studies, book and publishing studies are latecomers to the world of academia: they gain a domestic right there as late as in the [1990’s]. Due to this lack of research tradition and methodology, comparisons among different European and between European and American book industries that took place in recent research projects sponsored by the European Union open more questions than they provide answers. At the same time, academic interest in books has been predominantly limited to book and publishing history.

Die boekuitgewerybedrywe en boekhandelbedrywe van byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika word gekenmerk deur bestaande en gevestigde strukture en metodes waardeur dié bedrywe kwantitatief gemonitor word. Uitgewerye, boekhandelaars en boekpakhuise (asook talle ander rolspelers) is deur elektroniese sagtewarestelsels met mekaar verbind en die produksie, verspreiding en verkope van boeke kan statisties bepaal word. ’n Leier in die mark van hierdie moniteringsagteware (sogenaamde “point-of-sale” sagteware) is Nielsen BookData (wat die resultaat is van ’n samesmelting tussen BookData, Nielsen BookScan en Whitaker BookTrack). Dié sagteware vergemaklik die bemarking, verkope en aankope van boeke deur byvoorbeeld die verspreiding van

volledige bibliografiese data oor beskikbare titels tussen uitgewerye, biblioteke en boekhandelaars (vergelyk BookData, 2004 en Whitaker BookBank, 2004). ’n Produk soos Nielsen BookScan is ’n unieke bron van markinligting waardeur statistiese data oor verkope deurlopend gemonitor word en direk aan rolspelers beskikbaar gemaak word. Data wat gedurende ’n bepaalde jaar deur die Nielsen BookScan-stelsel versamel word, word in die jaarlikse *Book Sales Yearbook* gepubliseer, ’n bron wat beskryf word as “the most comprehensive single source of facts, figures and analysis on UK retail book sales” en “a concise, accessible and invaluable snapshot and research resource for the UK retail book market” (Nielsen BookScan, 2004).

Die statistiese monitering van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf en boekhandelbedryf het maar eers onlangs begin. Met die implementering van die moniteringsagteware Nielsen BookScan in Suid-Afrika sedert Desember 2003, was dit vir die eerste keer moontlik om breë statistiese patrone van boekverkope te bepaal. In die loodsfase het slegs boekkettingwinkelgroepe soos die Central News Agency (CNA), Exclusive Books, Fascination Books, Adams & Company, Wordsworth en die algemene kettingwinkelgroep Pick ’n Pay hul verkoopstatistiek deur Nielsen BookScan laat moniteer. Sedert Januarie 2005 het ook die akademiese boekhandelaars Brain Books en Juta, die algemene boekhandelaar PNA en die boekverspreiders Kalahari.net, Leserskring, die Sunday Times Book Club en die algemene kettingwinkelgroep Checkers/Shoprite op Nielsen Book-Scan ingeteken. Die eerste weeklikse analises van boekverkope deur deelnemende boekhandelaars is in Maart 2004 uitgereik en die eerste Suid-Afrikaanse *Book Sales Yearbook* (vir 2005) het in 2006 verskyn (BookData SAPnet, 2005 en 2006).

Vóór 2004 het geen soortgelyke stelsels vir die monitering van boekverkope bestaan nie. Nielsen BookData en SAPnet werk sedertdien nóú saam om ’n databasis van publikasies wat in druk is, in stand te hou, en inligting tussen uitgewerye en boekhandelaars beskikbaar te maak (BookData SAPnet, 2005). Die groot uitgewerye in Suid-Afrika beskik oor gesofistikeerde voorraadstelsels waardeur hulle boekpakhuise en verspreidingsdienste met mekaar verbind is, maar dit is nie moontlik om die produksie en verkope van boeke vanaf die uitgewery tot by ’n spesifieke afsetpunt deurlopend elektronies met dié voorraadstelsels te moniteer nie. Die bekendste en mees gebruikte voorraadstelsel in Suid-Afrikaanse uitgewerye is Bookmaster. Terwyl daar dus in die post-2000 era vordering gemaak is met die monitering van boekverkope in Suid-Afrika, is die monitering van Suid-Afrikaanse boekproduksie nog in sy kinderskoene. Die werk wat BookData SAPnet doen met betrekking tot die monitering van boekverkope en die Program Uitgewerswese se monitering van boekproduksie (en die daarstel van profiele van die plaaslike boekuitgewery- en boekhandelsbedryf) is aanvullend tot mekaar

en skep die raamwerk vir die beskikbaarheid van bedryfstatistiek wat beide die bedryf en navorsers ondersteun.

## 5. Kartering van die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf – voorstel vir ’n metodologiese raamwerk


Sedert 2000 is daar binne die Program Uitgewerswese van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria ’n navorsingsprogram gevestig wat op ’n deurlopende wyse die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf karteer. Die fokus van die program is tweeledig: eerstens, om kwantitatiewe en kwalitatiewe data te versamel en te herverpak met die doel om verskeie profiele te rekonstrueer; en, tweedens, om patrone en tendense uit die profiele af te lei en te interpreteer deur dit te verbind met die impak van polities-ekonomies-tegnologiese asook institusionele sosio-kulturele veranderinge op boekproduksie gedurende spesifieke eras (eietyds of histories).

Figuur 1 stel die metodologiese raamwerk van die navorsingsprogram voor. Die navorsingsontwerp steun op beide sekondêre bronne / metodes (beskikbare gepubliseerde bronne wat data verskaf oor die uitgewerybedryf) en primêre bronne / metodes (insluitende argivale navorsing, opnames, onderhoude en fokusgroepe waardeur nuwe data ingesamel word). Die sekondêre kwantitatiewe data word benut om ’n volledige bibliografiese databasis van Suid-Afrikaanse boekproduksie, die *Produksie Tendense Databasis* (PTD), in stand te hou en produksiepatrone te rekonstrueer na aanleiding van produksieprofiele, uitgeweryprofiele en outeursprofiele. Die sekondêre kwalitatiewe data word benut om die kontoere van die uitgeesisteem in te vul, in terme van die impak van verskuiwings op dié sisteem. Die primêre kwantitatiewe en kwalitatiewe data (ingewin deur argivale navorsing, opnames, onderhoude en fokusgroepe) word benut om die verskuiwings in die uitgeesisteem te karteer en addisionele profiele te rekonstrueer van byvoorbeeld die omset van die bedryf, eienaarskap, indiensneming, transformasie en diversifikasie.

Die program het tot dusver uitgeloop op twee oorkoepelende projekte: eerstens, die PTD wat benut word vir ondersoeke na boekproduksie met spesifieke fokus op die produksieprofiel, uitgeweryprofiel en outeursprofiel van spesifieke produksiekategorieë (byvoorbeeld breër kategorieë soos die produksie van fiksie, nie-fiksie, skoolboeke, akademiese publikasies, of meer spesifieke kategorieë soos Afrikaanse fiksieproduksie); en, tweedens, die jaarlikse opnames oor die groei / inkrimping en diversifikasie / stagnasie van die totale Suid-Afrikaanse uitgewery- en boekhandelbedrywe in opdrag van onderskeidelik die Suid-Afrikaanse Uitgewery-vereniging (PASA) en die Suid-Afrikaanse Boekhandelaarsvereniging (SABA).

Vóór die totstandkoming van die PTD was daar geen pasklaar georganiseerde en geïntegreerde bron van boekproduksiestatistiek beskikbaar waaruit produksiepatrone afgelei kon word nie. Die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie* (SANB) is die basiese sekondêre bron wat benut word vir die ontwikkeling van die PTD. Die SANB word saamgestel deur die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (NLSA) op grond van pligeksemplare wat volgens die Wet op Pliglewering (Suid-Afrika, 1997) deur uitgewerye aan die NLSA gelewer word. Die SANB word egter saamgestel met die oog op die behoeftes van biblioteekkundiges en boekproduksiestatistiek kan nie direk daaruit afgelei word nie. Die rou data afkomstig uit die SANB word herverpak en georganiseer volgens die programmeringsreëls van die PTD. Wanneer die PTD benut word vir spesifieke toepassings (soos byvoorbeeld oor die produksie van Afrikaanse fiksie), word die data verder verfyn en geverifieer aan die hand van sekondêre en primêre bronne soos bibliografiese rekords van biblioteke en letterkundige museums (byvoorbeeld die katalogus van die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum), katalogusse en pryslyste van uitgewerye, data in argiewe van uitgewerye en bibliografiese gegewens wat verkrygbaar is op die boeke self.

Figuur 1: Metodologiese raamwerk




© 2008 Rudi MR Venter

Vir ’n omvattende ondersoek na die materiële produksie van Afrikaanse fiksie, het Venter (2006) ’n spesialisdatabasis wat uit die PTD voortgevloei het, ontwikkel: die *Produksiedatabasis van Afrikaanse Fiksie* (PDAF, 2006).

Oor die afgelope aantal jare is die tekort en behoefte aan bruikbare en betroubare statistiese data oor die Suid-Afrikaanse uitgewerybedryf deur verskeie rolspelers beklemtoon. Afgesien van die ooglopende nut van sulke data vir die plaaslike uitgewery- en boekhandelbedrywe, is daar ook ’n behoefte daarvoor deur internasionale liggame soos die International Publishers’ Association (IPA) en die Frankfurt Buchmesse (’n vennoot van die Kaapstadse Boekeskou) uitgespreek en word bedryfstatistiek toenemend benodig deur die regering via liggame soos die South African Book Development Council (SABDC), wat hom onder meer beywer vir die ontwikkeling van die plaaslike uitgewerybedryf. Dit is binne hierdie konteks wat die Program Uitgewerswese se jaarlikse opnames oor die uitgewery- en boekhandelsbedrywe as pionierswerk beskou word. Tot op datum het vyf jaarverslae verskyn wat verslag doen oor groeipatrone in die plaaslike uitgewerybedryf, naamlik vir die jare 2002, 2003, 2004, 2005 en 2006. In 2006 en 2007 het daar ook vergelykende verslae verskyn wat breë tendense vir onderskeidelik die periodes 2002-2005 en 2004-2006 aandui (Galloway, Venter & Bothma, 2006; en Galloway, Venter & Struik, 2007). Die data word geberg in ’n omvattende bedryfsdatabasis wat die rekonstruksie van ’n verskeidenheid profiele ten opsigte van omset, produksie, produsente, outeurs, outeursvergoeding (tantiéme), indiensneming, eienaarskap en transfomasie (in terme van swart ekonomiese bemagtiging), moontlik maak. Tans word die verslag vir die kalenderjaar 2007 saamgestel. Hierdie databasis kan beskou word as ’n innoverende instrument vir die monitering van die bedryf en die kartering van verandering in die boekuitgeewaardeketting.

## 6. ’n Model van die “uitgeesisteem”

Nadat breë produksiepatrone deur kwantitatiewe navorsing bepaal is, moet dit geanaliseer, geïnterpreteer en gekontekstualiseer word. Vir hierdie doel is ’n model van die uitgeesisteem ontwikkel wat benut word om die sistematiese verbande binne die uitgewerybedryf en die breër boeksektor te ontleed. Die generiese model van die uitgeesisteem word diagrammaties voorgestel in Figuur 2. Die model sluit die verskeie institusies en rolspelers, en die funksies en aktiwiteite wat hulle verrig, in en toon die verbande aan wat tussen die onderskeie institusies en rolspelers bestaan. Die model word gerekonstrueer deur boekproduksie as institusie, en as behorende tot die kern van die model, voor te stel. Hierdie kern bestaan uit die verskeie skakels in die boekuitgeewaardeketting, wat die proses van waardetoevoeging tydens die omvorming van ’n manuskrip tot ’n

bemarkbare produk insluit. Boekproduksie as institusie word dan ingebed in die breër maatskaplike konteks waarbinne dit bestaan en funksioneer: eerstens deur die interaksie tussen boekproduksie en ander institusies (soos die media-, kultuur-, literatuur-, onderwys- en biblioteeksubsisteme) in die institusionele konteks aan te dui; en tweedens deur boekproduksie en die ander institusies binne die groter maatskaplike kontekste van die politiek, ekonomie en tegnologie te plaas.

Die model dien as werksinstrument of soekligteorie vir ’n beskrywing van die oneindige hoeveelheid verbande wat tussen al hierdie kontekste en boekproduksie bestaan. Die impak van hierdie kontekste op boekproduksie as institusie is veelvoudig en deurlopend aan die verander. Hierdie dinamiese aard van die uitgeesisteem word grafies weerspieël deur die ovaalvorms van die subsisteme en die stippellynbane waarop die subsisteme beweeg.


Deur die benutting van kwalitatiewe sekondêre bronne kan die generiese model ingevul word om ontwikkelings, vraagstukke, tendense en verskuiwings ten opsigte van ’n spesifieke boekproduksielandskap, produksiekategorie of periode te karteer. Hierdeur kan insig verkry word in die dinamika van boekproduksie in die relevante landskap, kategorie of periode. Binne die Program Uitgewerswese word die generiese model van die uitgeesisteem telkens aangepas ten opsigte van ’n spesifieke produksiekategorie (soos byvoorbeeld Afrikaanse fiksie) om ’n toegepaste weergawe van die model te rekonstrueer wat benut kan word om kwantitatiewe produksiepatrone te analiseer en te interpreteer. Die model laat beide sinchroniese en diachroniese beskrywings van die verskeidenheid faktore wat boekproduksie as institusie beïnvloed toe: die onderlinge sistemiese verbande tussen boekproduksie as institusie, die kontekstuele institusies en die breër maatskaplike kontekste waarmee dit in verband staan.

’n Vraag mag ontstaan met betrekking tot die nodigheid om ’n model van die uitgeesisteem te ontwerp. Hoekom kan die literatuursisteem (in die geval van fiksie-produksie) nie bloot uitgebrei of aangepas word nie? Die literatuuristeem word egter tradisioneel op só ’n wyse gerekonstrueer dat dit hoofsaaklik, en dikwels uitsluitlik, fokus op (i) die outeur (as sentrale agent wat gesien word as die produsent van die teks), (ii) die teks en die betekenis van die inhoud daarvan, en (iii) die leser en sy / haar resepsie van die teks. Hierdeur word die uitgewer as agent, uitgee as funksie en boekproduksie as institusie uitgesluit uit die literatuursisteem. In teenstelling daarmee vertrek die rekonstruksie van die uitgeesisteem van die beskouing dat boekproduksie die kern-institusie vorm; die model word gevolglik op so ’n wyse ontwerp dat dit op verskeie soorte produksiekategorieë toepasbaar is (en nie slegs op fiksiepublikasies nie). Die (vak-)literatuur-subsisteem in die generiese model is dus vervangbaar met die relevante subsisteem wanneer die

model op ’n andersoortige produksiekategorie toegepas word, byvoorbeeld die van Geskiedenis of Aardrykskunde in die geval van tekste van hierdie aard.

Op teoretiese vlak neem die model die sisteemteorie, spesifiek Even-Zohar (1990a, 1990b, 1997) se polisisteemteorie, as vertrekpunt. Die uitgeesisteem word gerekonstrueer as mega-polisisteem: ’n oop sisteem bestaande uit veelvoudige sisteme wat uitgelewer is aan voortdurende verandering as gevolg van die interaksie met die omgewing. Die Franse kultuursosioloog Pierre Bourdieu (1993) se teorie oor die veld van kulturele produksie en sy insigte oor die verband tussen materiële en simboliese produksie, die stryd om simboliese of kulturele kapitaal in die kultuurveld, en die posisies wat agente in die veld vul en inneem, was ’n verdere waardevolle teoretiese vertrekpunt by die ontwerp van die model.

Figuur 2: Generiese model van die uitgeesisteem (toepasbaar op verskeie produksiekategorieë)



## 7. Die neerslag van boekstudie en uitgewery-ondersoek in die Afrikaanse literatuurwetenskap

Ondersoeke na die uitgee en die materiële produksie van fiksietitels (met behulp van statisties-kwantitatiewe navorsing) is ’n verwaarloosde navorsingsterrein in die (Suid-)Afrikaanse literatuurwetenskap. Wanneer vakliteratuur oor die Afrikaanse letterkunde van die 1990s en vroeë jare 2000 nagegaan word, blyk dit dat letterkundiges steeds nie beduidende aandag aan uitgewery-ondersoek afstaan nie; trouens, die meeste artikels in vaktydskrifte volg steeds teksgerigte benaderings waarvolgens enkeltekste (en soms vergelykings tussen meer as een teks) aan die hand van literêre teorieë ontleed word (vergelyk Van Coller & Odendaal, 2004).

Daar bestaan wel in die onlangse Afrikaanse literatuur oorsigte en tipologieë wat die ontwikkeling van sekere genres en subgenres (veral tematies) nagaan, soos byvoorbeeld die perspektiewe wat opgeneem is in *Perspektief en profiel Deel 1*, *Deel 2* en *Deel 3* (Van Coller, 1998, 1999 en 2006a), ’n oorsig oor Afrikaanse narratiewe tekste wat tussen 1990 en 2000 uitgegee is (Du Plooy, 2001:14-31), ’n bestekopname van poësiepublikasies en spesifiek tematiese bloemlesings wat sedert 1986 tot 2000 verskyn het (Odendaal, 2001:51-68), ’n tipologie van die Afrikaanse jeugreeksboek (Snyman, 2001:46-59), ’n doktorale studie waarin onder andere die produksie van ’n uitgesoekte groep tagtiger-prosaskrywers vanuit ’n literatuursosiologiese hoek aangetoon word (Heyns, 1995), De Wet (1994:313-327) se doktorale proefskrif waarin ’n lys van Afrikaanse digbundels wat gedurende die periode 1945-1994 verskyn het, ingesluit is, Adendorff (2003:190-198) se magisterverhandeling wat ’n chronologiese lys van Afrikaanse debuutdigbundels vir die periode 1944-2002 bevat en Kleyn (2008) se bestekopname van die Afrikaanse poësie vir die periode 2004-2007. Hierdie ondersoeke is dikwels teksgerig (Adendorff, Heyns, Kleyn, Odendaal en Snyman is uitsonderings) en fokus nie pertinent op produksiedata wat benut word om die landskap op ’n kwantitatiewe wyse te karteer nie.

Wat onlangse nagraadse navorsing oor die Afrikaanse letterkunde betref, bestaan daar enkele voorbeelde wat aspekte van uitgewery-ondersoek in ag neem. Du Plessis se magisterverhandeling (2002) en doktorale proefskrif (2004) sluit grepe uitgeegeskiedenis van Stella Blakemore se jeugboekreekse *Maasdorp* en *Keurboslaan* in. Van der Waal se doktorale tesis (2006) is ’n studie oor literatuuronderwys en literatuurgeskiedskrywing; dit is ingebed binne ’n oorsig van die Suid-Afrikaanse literêre veld en spreek aspekte van die uitgeesisteem aan. Barnard se MBA-verhandeling (2005) ondersoek uitgewersstrategieë met behulp van ’n vergelykende industrie-analise van die uitgewerybedrywe van Nederland en Suid-Afrika.

Die enigste publikasie wat as ’n geskiedenis van die Afrikaanse boek of ’n uitgeegeskiedenis beskou kan word, is die derde deel van die driedelige geskiedenis van Nasionale Pers: *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990* (Beukes, 1992). Botha (1992:520-522) verwys daarna as “’n Afrikaanse boekegeskiedenis”. Hierin word uitvoerig verslag gedoen oor die geskiedenis van dié uitgewerye en boekhandelaars wat tot 1990 deel gevorm het van Nasboek, die boekuitgewery-afdeling van Naspers (Nasboek staan tans bekend as Via Afrika). Hierdie werk verwys net in die verbygaan na uitgewerye buite die Nasboek-stal en dit dek ook nie die periode ná 1990 (die sogenaamde transformasie-era) nie. Slegs eksemplariese brokke produksiedata word aangegee en dit verskaf nie ’n volledige kwantitatiewe kartering van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies in die tydperk onder bespreking nie.

Grepe uitgeegeskiedenis van die Afrikaanse (fiksie)boek lê versprei in ’n aantal huldigingspublikasies, soos *’n Natsteen vir Koos Human* (Kannemeyer & Schoeman, 1981), *Hulde aan J.D.* [Pretorius] (Botha, 1987), *’n Boekreis ver* (Aucamp, 1991), *In ons goeie boekies: skrywers en redakteurs oor Tafelberg-Uitgewers* (Botha, 1991), *Hettie de la Queillerie – ’n Huldeblyk deur Queillerie-skrywers aan Hettie Scholtz* (De Jager, 1995). Ook in (outo)biografieë oor skrywers, digters en redakteurs word brokke uitgeegeskiedenis aangetref, soos byvoorbeeld in die biografieë oor D.J. Opperman (Kannemeyer, 1986), C.J. Langenhoven (Kannemeyer, 1995), N.P. van Wyk Louw (Steyn, 1998), C. Louis Leipoldt (Kannemeyer, 1999), Piet Cillié (Steyn, 2002), Uys Krige (Kannemeyer, 2002), M.E.R. [M.E. Rothman] (Steyn, 2004) en Jan Rabie (Kannemeyer, 2004b); ook Galloway (1990) se monografie oor Breyten Breytenbach; Karel Schoeman (2002) se outobiografie en Koos Human (2006) se herinneringsteks oor sy loopbaan in die uitgewerybedryf hoort hierby. Maar hierdie huldigingspublikasies en (outo)biografieë is nie toegespits op die kartering van die uitgeelandskap nie.

Die eerste bron waarin oorsigtelike produksiedata van die produksiekategorie “Afrikaanse fiksie” voorkom, is *’n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika* (Nienaber, 1943a) en daarna die reeks *Bibliografie van Afrikaanse boeke Deel 1* tot *Deel 10* – 1943 tot 1981 (Nienaber, 1943b, 1948, 1953, 1958, 1963, 1967, 1971, 1977, 1981 en 1982). Die *Bibliografie* bevat bibliografiese inskrywings tot slegs 1981 en laat dus ’n leemte wat bibliografiese data daarna betref. Dit was waarskynlik die bestaan van hierdie bron wat by Afrikaanse literatuurhistorici en navorsers die gemaklikheid geskep het om nie aandag aan produksiedata, en aan ander areas van die geskiedenis van die boek in sy materiële vorm, te gee nie. Kannemeyer (1983:1-2), byvoorbeeld, dui Nienaber se *Bibliografie* as ’n “waardevolle” bron van “suiwer feitelike inligting” vir sy literatuurgeskiedenis aan en beskou “bibliografiese voorarbeid ’n dringende en essensiële noodsaak” en as die beginpunt van literatuurgeskiedskrywing

(Kannemeyer, 2004a:143). Maar verwaarlosing van bibliografiese navorsing het ook in ’n mate met die tradisie van skeptisisme en snobisme oor kwantitatiewe navorsing by beoefenaars van konvensionele kwalitatiewe navorsing (soos teksgerigte ondersoeke), waarna Joshi hierbo verwys, te doen. Reeds in 1943 word Nienaber se navorsing deur Kees Konyn (die pseudoniem van Jan Greshoff en Fred le Roux in hulle polemiese “Kanttekenings” in die tydskrif *Trek* – Kannemeyer, 1982:5-6) afgemaak as “katalogusmakery” (Kannemeyer, 1982:104; 2004a:143-144). Tydgenote soos D.J. Opperman sien egter die waarde daarvan in en het waardering vir Nienaber se bibliografiese arbeid:

> Telkens wanneer ek die publikasiedatum van ’n boek, die geboortedatum van ’n skrywer, van een of ander geskrif of dergelik meer, in een van P.J. Nienaber se blou boeke naslaan, dan ondervind ek ’n ligte aanklag van die gewete. Want deur die jare heen blyk hierdie naslaanbronne van baie groter waarde te wees as wat ek in stilligheid en sy kritici in die openbaar ooit wou erken het. Nienaber het die daaglikse brood geword van studente, dosente, bibliotekaresse, skrywers en van sy bitterste aanvallers […] Dan ook so vanselfsprekend soos jy jou daaglikse brood aanvaar. [...] Wat die waarde van sy bibliografie en bronnelyste betref, kan sy kritici vir ’n gebrek aan onderskeidingsvermoë, erkentlikheid en eerlikheid beskuldig word. En dan word daar ook by ons onderskei tussen ’n hoë en ’n lae wetenskap. […] By ons, soos elders, is so ’n onderskeiding eerder ’n bewys van snobisme as van vermoë, want oor die algemeen word ons wetenskap nog beter gedien deur die nederige, swoegende kompilators en versamelaars as deur die hoë intellektuele reuse wat 25 bladsye skryf en dan die res van hulle lewe in ons heerlike sonskyn sit en drink […]. (Onvoltooide teks met die titel “Een daad van eenvoudige regvaardigheid”, vermoedelik bedoel vir publikasie as aantekeninge in *Standpunte* in die laat 1940s en as reaksie op Kees Konyn se kritiek teen Nienaber in die artikel “Blinde werklus” in *Trek*; aangehaal in Kannemeyer, 1986:461-462; 2004a:145).

Dit is tog jammer dat Opperman se erkenning vir die werk van Nienaber nié in *Standpunte* verskyn het nie, dalk sou dit insig in, verbreding en verdraagsaamheid vir kwantitatiewe navorsing in die plaaslike literatuurwetenskap aangemoedig het.

Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) se eertydse Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL) het aan die begin van die 1980s ’n diepgaande ontleding gedoen na die stand van Suid-Afrikaanse letterkundenavorsing. In die resultate van dié ondersoek word navorsing oor literatuurproduksie en -verspreiding as ’n prioriteit aangedui: “[D]ie welsyn en ontwikkeling van letterkunde word boonop direk deur literatuurproduksie en -verspreiding geraak.” (Malan, 1983:64; Malan, 1984:34). Daar word in ’n mate uitvoering aan hierdie prioriteit gegee deur SENSAL se navorsingsprogram vir die dokumentering van al die Suid-Afrikaanse literatuursisteme en die saamstelling van ’n oorkoepelende literatuur-sisteembeskrywing in die vorm van ’n literêre jaaroorsig-reeks *SA Literature / Literatuur Deel 1* tot *Deel 6* (Galloway, 1982, 1983, 1985, 1987, 1989; Galloway & Steenberg, 1993). In dié jaaroorsigte

verskyn samevattings van die resepsie van fiksiepublikasies van die bepaalde jaar, asook onder meer oorsigtelike produksiedata oor die aantal titels, aantal outeurs en ander kwantitatiewe en kwalitatiewe aanduidings van die uitgeesisteem (soos oor polemieke, sensuur, literêre pryse, verenigings, kongresse en literêre gebeure) en indekse van literêre tydskrifte. Daarmee ontstaan ’n tweede bron van (ook) statistiese data vir Afrikaanse fiksiepublikasies (en die eerste bron van statistiese data vir fiksiepublikasies in Suid-Afrikaanse Engels en in die onderskeie Afrikatale). Die reeks van ses dele beslaan ongelukkig slegs die dokumentering van die periode 1980-1985 en loop daarna met die uitfasering van INTAK by die RGN tot ’n einde.

Die plaaslike kritiek op die kwantitatiewe metode (waarteen Kees Konyn dit in 1943 gehad het) word in 1982 deur L.I. Bertyn (die pseudoniem van Marcus de Jong en Gerrit Olivier in hulle polemiese rubriek in *Beeld* en *Die Burger* – Bertyn, 1983:n. pag.; Kannemeyer, 1988:469) herhaal met die smalende verwysing na SENSAL (en sy dokumentasie-aktiwiteite) as “die nodeloosheid van burokratiese arbeid”, “die opmars van die burokrate en die kultuurkommissarisse, wat wil koördineer en opsom [...] voor die voet versamel hulle, beskryf hulle, orden hulle [...] die literêre kommune”; SENSAL se eerste jaaroorsig word met “die vergaarsak van ’n stofsuier” vergelyk (Bertyn, 1983:113-115). Veel later lewer Swanepoel (1991:39) die teenspraak:

> Wat die koördinering van interdissiplinêre literatuurstudie betref, sal die dekade van tagtig stellig as die SENSAL-dekade onthou word. [SENSAL] het sedert sy stigting onder leiding van Charles Malan [...] veel vermag om aan sy korrek gelese roeping reg te laat geskied. [...] Een van sy belangrikste publikasies is Francis Galloway [...] se tweetalige *SA Literatuur: Literêre Jaaroorsig-reeks / SA Literature: Annual Literary Survey Series* – ’n reeks wat met sy magdom gegewens oor outeurs, literêre werke, navorsing en gebeure as ’t ware ’n lopende literatuurgeskiedenis oor Afrikaans, Engels en die Afrikataalliteratuur is, maar insgelyks as gevolg van rasionalisering in ’n oorlewingskrisis gedompel is.

Die huidige stand van die Afrikaanse literatuurwetenskap (met betrekking tot die aanspreek van aspekte van materiële produksie) blyk ook uit die verskil in aanpak tussen die twee onlangse Afrikaanse literatuurgeskiedenisse (Kannemeyer, 2005 en Van Coller, 2006a).

In Kannemeyer se bywerking van sy eendelige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1988), *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004* (voltooi in Desember 2004 en gepubliseer in November 2005), gee hy weer eens ’n samevatting van sy tweeledige literatuurgeskiedenis (vergelyk Kannemeyer, 1978 en 1983) – “met aanvulling van nuwe werk van outeurs wat tot 1970 hulle verskyning gemaak het en met byvoeging van die meeste debutante tussen 1970 en 2004” (Kannemeyer, 2005:17-18). Een van die grootste waardetoevoegings is die insluiting van

inleidende hoofstukke by elke hoofdeel waarin ’n algemeen-historiese oriëntering gegee word en waardeur die verwaarlosing van die politieke konteks van die literêre sisteem reggestel word. Kannemeyer raak egter aspekte van uitgewery-ondersoek slegs sporadies aan. Uitgewers en uitgewerye word hoofsaaklik genoem in die besprekings van polemieke en debatte rondom sensuur en die toekenning van literêre pryse (die fokus is dus op aspekte van simboliese produksie). Daar word minimale plek afgestaan aan die ontwikkeling van die uitgewerybedryf en in dié beknopte inskrywings word oorsigtelike aanduidings gegee van uitgewerye se fokus op spesifieke produksie-kategorieë (vergelyk byvoorbeeld Kannemeyer, 1978:273; 1983:243-244 en 2005:125, 274, 557-558). Dit is insiggewend dat Kannemeyer (2004a) nie, ook nie terugskouend in sy P.J. Nienaber-gedenklesing in 2004 (sestien jaar ná sy eendelige literatuurgeskiedenis) nie, verwys na die rol van die uitgewer en die prosesse van uitgee tydens die “genese” en die “oorspronge en voorstadia van die teks”, óf met betrekking tot die sosio-politieke-tegnologiese kontekste waarbinne die produksieproses plaasvind, as moontlike fokuspunte van ’n literatuurgeskiedenis nie. Van Coller (2006b:8) sluit in sy kritiek teen Kannemeyer se publikasie hierby aan wanneer hy dit nie as ’n geldende literatuurgeskiedenis beskou nie, “want so iets impliseer ’n objektiewe en sistematiese verslag van ’n literêre veld of, in geykte terme, van ’n bepaalde letterkunde wat nie bloot bestaan uit (literêre) tekste nie, maar ook kritiek, tydskrifte, *uitgewers*, institusies, agente en (literêre) tekste omvat” [outeur se kursivering].

Met die verskyning van die derde deel van die literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel* in Oktober 2005 (met die publikasiedatum 2006) word ’n korrektief in die benadering tot literatuurgeskiedskrywing voortgesit. Anders as by Kannemeyer se literatuurgeskiedenis is dit nie ’n eenpersoonspoging nie, maar die resultaat van ’n paneel medewerkers, dus ’n meer “demokratiese” aanpak waardeur wegbeweeg word van meesternarratiewe en verder geskryf word aan “’n verhaal oor die Afrikaanse letterkunde”. Omdat hierdie literatuurgeskiedenis ’n reeks is wat uit dele bestaan, kan opdatering en regstellings makliker plaasvind en vind die nuutste literatuurwetenskaplike benaderings ook gouer neerslag in spesifieke perspektiewe en profiele. In sy inleiding stel Van Coller (2006a:x) dit as volg:

> Uit die perspektiewe én profiele in hierdie literatuurgeskiedenis(-deel) blyk dat die huidige literatuurwetenskaplike benadering ten opsigte van die Afrikaanse letterkunde ’n sterk kontekstuele en komparatistiese gerigtheid het. Die teorieë van sisteemteoretici soos Schmidt, Even-Zohar en die sosioloog Bourdieu, maar ook teorieë op die gebied van die feminisme, postkolonialisme en literêre historisme, het duidelik neerslag gevind in die wyse waarop literatuur benader word. Stewige teksanalises staan steeds sentraal, maar word aangevul met beskrywings van die wyse waarop tekste tot stand kom, binne ’n literêre veld sirkuleer en ’n rol speel in die mededinging van persone en instansies binne so ’n literêre veld.

As gevolg van hierdie aanpak is daar dan ook voorbeelde van perspektiewe in hierdie literatuurgeskiedenis wat direk en indirek aansluit by aspekte van uitgewery-ondersoek. In Huigen (2006:10-11, 27, 36) se perspektief op Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde gedurende die periode 1652-1925, gee hy aandag aan aspekte van die vroeë uitgeegeskiedenis van die Genootskap van Regte Afrikaners, ander pionier-uitgewerye van Afrikaanse fiksie en die Nederlandse boekhandelaars en uitgewerye wat hulle in Suid-Afrika kom vestig het. Roos is bekend vir die aandag wat sy aan die konteks en tekseksterne aspekte van die literêre sisteem gee (vergelyk Roos, 1998:21-117). In haar perspektief op die Afrikaanse prosa gedurende die periode 1997-2002 gee sy 'n deeglike samevatting van die impak van transformasieverskuiwings in die breër kultuursisteem en raak sy spesifiek ook verskuiwings in die produksielandskap en produsentelandskap aan (Roos, 2006:52-54, 58, 99). In Odendaal (2006:105-107) se oorsig oor tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998-2003 gee hy ook aandag aan die materiële produksie van poësie en dui hy oorhoofse statistiese produksiepatrone aan. In Coetser (2006:149-189) se perspektief oor die Afrikaanse drama én teater omstreeks die periode 1990-2003 belig hy die intersistemiese verbande tussen die drama (as deel van die literatuursisteem), die teaterbedryf (of teatersisteem as deel van die kultuursisteem) en die impak van politieke transformasie op hierdie sisteme; hy gee ook aandag aan die problematiek rondom die afname van gepubliseerde dramatekste.

Geen Afrikaanse literatuurgeskiedenisse tot op datum kan egter beskou word as 'n geskiedenis van die Afrikaanse fiksieboek in (ook) sy materiële vorm nie – eersgenoemde bly publikasies deur literatuurhistorici en nie boekhistorici nie en dit is onmoontlik om 'n volledige produksieprofiel en uitgeweryprofiel daaruit te (re)konstrueer. Van Coller (2006a:ix) erken egter die hiaat in *Perspektief en profiel*:

> Met die uitsondering van perspektiewe op die jeugliteratuur, tydskrifte en uitgewerswese is die hele Afrikaanse literêre veld nou in die drie verskene dele van *Perspektief en profiel* in kaart gebring. In die afgelope jaar is van die genoemde verwaarloosde gebiede vir die eerste keer werklik grondig en sistematies ondersoek (kyk Venter, 2005 [2006], en Wybenga en Snyman, 2005) en sal oorsigte hiervan hopelik ook in 'n volgende uitgawe van hierdie literatuurgeskiedenis opgeneem kan word.

Op grond van die oorsig in hierdie afdeling kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat die uitgewery as primêre onderwerp van studie binne die Afrikaanse literatuurwetenskap nog grotendeels oor die hoof gesien is en dat primêre empiriese uitgewery-ondersoek nog nie inslag in hierdie vakgebied gekry het nie. Die rol van die uitgewery as produsent van die uiteindelike fisiese publikasie (die produk) binne die uitgeesisteem word grotendeels geïgnoreer en die klem val hoofsaaklik op die skrywer as produsent van die teks en die teks self. Publikasiereekse wat wel op 'n stadium oorsigtelike produksiedata aangetoon het, is intussen gestaak.

## 8. Nuwe moontlikhede vir die Afrikaanse literatuur-wetenskap

Venter (2006) se doktorale proefskrif bied ’n gedetailleerde oorsig van die materiële produksie van Afrikaanse fiksie gedurende die transformasieperiode (1990-2005) en daarmee vul hy die hiaat wat tot nou toe in die Afrikaanse literatuurwetenskap met betrekking tot uitgewery-ondersoek bestaan het. Dit maak ’n bydrae tot die aard van geskiedskrywing oor die Afrikaanse letterkunde en spesifiek die geskiedenis van die Afrikaanse fiksieboek, onder meer deur ’n grondslag te lê vir verdere navorsing oor die uitgeegeskiedenis en boekgeskiedenis van hierdie produksiekategorie. Dit bevat ’n statistiese kartering van Afrikaanse fiksieproduksie gedurende genoemde periode wat vir beide literatuurhistorici en boekhistorici van waarde kan wees (kyk Venter, 2004, en Galloway & Venter, 2005 en 2006, vir ’n opsomming van die resultate).

Die afgelope dekade of twee is daar wêreldwyd gewerk aan multi-volumes van nasionale geskiedenisse van die boek in verskeie lande: die geskiedenis van die Franse boek, *Histoire de l’édition française* (Chartier & Martin, 1983 en 1985); die geskiedenis van die boek in Brittanje, *The Cambridge history of the book in Britain Volume III 1400-1557* (Hellinga & Trapp, 1999), *Volume IV 1557-1695* (Barnard, McKenzie & Bell, 2002); en die boekgeskiedenis van Australië, *A history of the book in Australia 1891-1945: a national culture in a colonised Market* (Lyons & Arnold, 2001). Daar bestaan nog nie ’n soortgelyke inisiatief vir ’n Suid-Afrikaanse boekgeskiedenisprojek nie. Die bruikbaarheid van boekproduksiestatistiek in die totstandkoming van ’n breër Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis én boekgeskiedenis word as volg deur Galloway (2004:109-118) aangedui:

> Publishing statistics provide a useful point of departure for the study of the production, distribution, and consumption of books as cultural products in a multilingual country. It can constitute the elusive ‘common ground’ for exploring the interrelationship between the various literary fields, and can form the basis of a broader South African book history.

Daar behoort ’n inter-institusionele, multidissiplinêre projek geloods te word vir die skryf van ’n geskiedenis van die Afrikaanse (fiksie)boek waaraan ’n span navorsers deelneem. Dit kan aansluit by bestaande inisiatiewe, soos by die opdatering van die literatuurgeskiedenis-reeks *Perspektief en profiel*, en by die inter-institusionele, transnasionale navorsingsprojek *NEDWEB / Literatuur in konteks*, gebaseer in die Departement Neerlandistiek van die Instituut vir Germaanse studies aan die Universiteit van Wenen (2007), wat fokus op die verbande tussen verskeie Europese letterkundes en die verhouding tussen die Nederlandse en Afrikaanse letterkundes. Die bydraes wat in hierdie nommer van *Stilet* verskyn, is ’n beginpunt vir die skryf van ’n (eietydse) boek- en uitgeegeskiedenis. Boekstudie en uitgewery-ondersoek

bied nuwe impetus en moontlikhede vir die (Suid-) Afrikaanse literatuurwetenskap. Dit is ’n geleentheid wat nie verspeel moet word nie.

Dosent en navorser, Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria

## VERWYSINGS

ADENDORFF, E.M.

2003. *Digdebute teen die millenniumwending: ’n polisistemiese ondersoek*. Ongepubliseerde verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

AUCAMP, H. (RED.).

1991. *’n Boekreis ver*. Kaapstad: Tafelberg.

BARNARD, J., MCKENZIE, D.F. & BELL, M. (REDS.).

2002. *The Cambridge history of the book in Britain Volume IV 1557-1695*. Cambridge: Cambridge University Press.

BARNARD, R.

2005. *Die uitdaging van volhoubare groei: ’n Kritiese ondersoek na uitgewersstrategieë*. Ongepubliseerde MBA-verhandeling. Stellenbosch: Nagraadse Bestuurskool.

BERTYN, L.I.

1983. *Lekkerkunde*. Emmarentia: Taurus.

BEUKES, W.D. (RED.).

1992. *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel.

BOOK DEVELOPMENT COUNCIL OF SOUTH AFRICA (BDCSA).

1997. *Research Report on Book Development in South Africa*. Johannesburg: BDCSA.

BOOKDATA.

2004. *About BookData*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.bookdata.co.uk /about_book_data.html> Besoek: 8 April 2004.

BOOKDATA SAPNET.

2005. *BookData SAPnet – About us / Products / Services*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.bookdatasapnet.co.za/include/index.asp> Besoek: 3 Mei 2005.

2006. *Nielsen BookScan South Africa Factsheet*. Kaapstad: BookData SAPnet.

BOTHA, D. (RED.).

1987. *Hulde aan J.D.* [Pretorius]. Kaapstad: Tafelberg.

1991. *In ons goeie boekies: skrywers en redakteurs oor Tafelberg-Uitgewers*. Kaapstad: Tafelberg.

BOTHA, E.

1992. "Rekenskap". In: Beukes, W.D. (red.). *Boekewêreld: die Nasionale Pers in die uitgewersbedryf tot 1990*. Kaapstad: Nasionale boekhandel, 520-522.

BOURDIEU, P.

1993. *The Field of Cultural Production. Essays on Art and Literature.* Columbia: Columbia University Press.

CHARTIER, R. & MARTIN, J.H. (REDS.).

1983. *Histoire de l'édition française. Tome II: Le livre triumphant 1660-1830*. Paris: Promodis.

1985. *Histoire de l'édition française. Tome III: Le temps des éditeurs. Du Romantisme à la Belle Époque*. Paris: Promodis.

COETSER, J.

2006. "Van millennium tot millennium: Afrikaanse drama en teater circa 1990 tot circa 2003". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 149-189.

DARNTON, R.

2002. "Book production in British India, 1850-1900". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 239-262.

DEPARTEMENT NEERLANDISTIEK, INSTITUUT VIR GERMAANSE STUDIES, UNIVERSITEIT VAN WENEN.

2007. *NEDWEB / Literatuur in konteks*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.ned.univie.ac.at/lic/> Besoek: 12 Desember 2007.

DE GLAS, F.

1989. *Nieuwe lezers voor het goede boek. De Wereldbibliotheek en Ontwikkeling / De Arbeiderspers voor 1940*. Amsterdam: Uitgeverij Wereldbibliotheek.

1998a. "Authors' *oeuvres* as the backbone of publishers' lists: studying the literary publishing house after Bourdieu". *Poetics: journal of empirical research on literature, the media and the arts*, 25:379-397.

1998b. "Investeringen van literaire uitgeverijen in jong talent en de opbrengst daarvan: een onderzoek naar de generatie literaire prozadebutanten uit de jaren 1961-1965". *Nederlandse letterkunde*, 3(2):127-150.

1999. *Literature, "in-house" writers, and processses of success in publishing*. (Vertaal deur Ann Rigney). [Intyds.]. Beskikbaar: <http://clcwebjournal.lib.purdue.edu/clcweb99-4/deglass99.html> Besoek: 9 September 2003.

2003. "De materiële en symbolische productie van het werk van moderne literaire auteurs: bouwstenen voor de reputatie van de jonge Hella Haasse". *Jaarboek voor Nederlandse Boekgeschiedenis*, 10:103-120.

De Jager, F. (Red.).

1995. *Hettie de la Queillerie – 'n Huldeblyk deur Queillerie-skrywers aan Hettie Scholtz*. Kaapstad: Queillerie.

De Wet, K.

1994. *Eiendoms Onbeperk: die onvoltooide groot gesprek met D.J. Opperman in die Afrikaanse poësie*. Ongepubliseerde proefskrif. Mmabatho: Universiteit van Bophuthatswana.

Dorleijn, G.J. & Van Rees, K. (Reds.).

2006. *De productie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000*. Nijmegen: Uitgeverij Vantilt.

Du Plessis, I.

2002. *Crafting popular imaginaries: Stella Blakemore and Afrikaner nationalism*. Ongepubliseerde verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

2004. *Narrating the "nation": Cultural production, political community and young Afrikaans readers*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Du Plooy, H.

2001. "An overview of Afrikaans narrative text published between 1990 and 2000". *Stilet*, XIII(2):14-31.

Eliot, S.

2002. "Very necessary but not quite sufficient. A personal view of quantitative analysis in book history". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 283-293.

EVANS, N. & SEEBER, M. (REDS.).

2000. *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing.

EVEN-ZOHAR, I.

1990a. "Polysystem Theory". *Poetics Today*, 11(1):9-26.

1990b. "The 'Literary System'". *Poetics Today*, 11(1):27-44.

1997. "Factors and dependencies in culture: a revised outline for polysystem culture research". *Canadian Review of Comparative Literature*, 24(1):15-34.

GALLOWAY, F.

2002. "Statistical trends in South African book publishing during the 1990s". *Alternation*, 9(1):204-225.

2004. "Notes on the usefulness of publishing statistics for a broader South African book history". *English Studies in Africa*, 47(1):109-118.

GALLOWAY, F. (RED.).

1982. *SA Literature / Literatuur 1980 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 1*. SENSAL-publikasies nr. 1. Hyde Park: AD Donker.

1983. *SA Literature / Literatuur 1981 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 2*. SENSAL-publikasies nr. 9. Hyde Park: AD Donker.

1985. *SA Literature / Literatuur 1982 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 3*. SENSAL-publikasies nr. 17. Craighall: AD Donker.

1987. *SA Literature / Literatuur 1983 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 4*. SENSAL-publikasies nr. 20. Pretoria: HAUM-Literêr.

1989. *SA Literature / Literatuur 1984 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 5*. SENSAL-publikasies nr. 24. Pretoria: HAUM-Literêr.

GALLOWAY, F.C.J.

1990. *Breyten Breytenbach as openbare figuur*. Pretoria: HAUM-Literêr.

GALLOWAY, F. & STEENBERG, D.H. (RED.).

1993. *SA Literature / Literatuur 1985 Annual literary survey series / Literêre jaaroorsig-reeks 6*. Literator Supplement no. 1.

GALLOWAY, F. & VENTER, R. MR.

2005. "A research framework to map the transition of the South African book publishing industry". *Publishing Research Quarterly*, 20(4):52-70.

2006. "Book History, Publishing Research and Production Figures – The Case of Afrikaans Fiction Production during the Transitional Period 1990-2003". *South African Historical Journal*, 55:46-65.

GALLOWAY, F., VENTER, R. MR. & BOTHMA, T.

2006. *PASA Industry Surveys, Executive Summary: Broad trends over four years (2002-2005)*. Pretoria: Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

GALLOWAY, F., VENTER, R. MR. & STRUIK, W.

2007. *PASA Annual Industry Surveys. Broad Trends over Three Years (2004-2006)*. Pretoria: Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

HELLINGA, L. & TRAPP, J.B.

1999. *The Cambridge history of the book in Britain Volume III 1400-1557.* Cambridge: Cambridge University Press.

HEYNS, J.D.

1995. *'n Literatuursosiologiese ondersoek na 'n groep Afrikaanse Tagtigerprosaskrywers*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

HOFMEYR, I. & KRIEL, L.

2006. "Book History in southern Africa: What is it and why should it interest historians?". *South African Historical Journal*, 55:1-19.

HUIGEN, S.

2006. "Nederlandstalige Suid-Afrikaanse letterkunde, 1652 tot 1925". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 3-42.

HUMAN, K.

2006. *'n Lewe met boeke*. Kaapstad: Human & Rousseau.

JOOSTENS, F.

1990. "Ketters in letterkerk: Ontwikkeling, plaats en functie van de institutionele literatuursociologie". In: Joostens, F. (red.). *Het esthetisch belang: Nieuwe ontwikkelingen in de literatuursociologie*. Tilburg: Tilburg University Press, 1-18.

JOSHI, P.

2002. "Quantitative method, literary history". In: Greenspan, E. & Rose, J. (reds.). *Book history Volume 5*, 263-274.

KANNEMEYER, J.C. & SCHOEMAN, K.

1981. *'n Natsteen vir Koos Human*. Kaapstad: Human & Rousseau.

KANNEMEYER, J.C.

1978. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur I*. Kaapstad: Academica.

1982. *Die koléperas van Kees Konyn*. Emmarentia: Taurus.

1983. *Geskiedenis van die Afrikaanse Literatuur II*. Kaapstad: Academica.

1986. *D.J. Opperman: 'n biografie*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1988. *Die Afrikaanse literatuur 1652-1987*. Kaapstad: Human & Rousseau.

1995. *Langenhoven: 'n lewe*. Kaapstad: Tafelberg.

1999. *Leipoldt: 'n lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.

2002. *Die goue seun: die lewe en die werk van Uys Krige*. Kaapstad: Tafelberg.

2004a. "Hete kole op 'n amper koue vuurherd – Oor 'n nuwe bydrae tot die Afrikaanse literêre geskiedskrywing". *Tydskrif vir letterkunde*, 41(2):142-156.

2004b. *Jan Rabie: prosapionier en politieke padwyser*. Kaapstad: Tafelberg.

2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652-2004*. Kaapstad: Human & Rousseau.

KLEYN, L.

2008. 'n Ander bestekopname van die Afrikaanse poësie, 2004–2007. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&cause_id=1270&news_id=50064&cat_id=201> Besoek: 6 Augustus 2008.

KOVAČ, M.

2004. "Patterns and Trends in European Book Production and Consumption: Some Initial Observations". *The Public*, 11(4):21-36.

LAND, S.

2003. "The State of Book Development in South Africa". *Journal of Education*, 29:93-124.

LYONS, M. & ARNOLD, J. (REDS.).

2001. *A history of the book in Australia 1891-1945: a national culture in a colonised Market*. Queensland: University of Queensland Press.

MALAN, C.

1983. *'n Ontleding van SA letterkundenavorsing aan die begin van die jare tagtig*. SENSAL-publikasies nr. 2. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

MALAN, C. (RED.).

1984. *SA letterkundenavorsing: Verslag van 'n navorsingsimposium – SA Literature Research: Report on a research symposium*. SENSAL-publikasies nr. 11. Pretoria: Sentrum vir S.A. Letterkundenavorsing, Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

NIELSEN BOOKSCAN.

2004. Nielsen BookScan – the definitive retail monitoring service for books. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.nielsonbookscan.co.uk/?pid=1> Besoek: 8 April 2004.

NIENABER, P.J.

1943a. *'n Beknopte geskiedenis van die Hollands-Afrikaanse drukpers in Suid-Afrika*. *Tweede trek-reeks, no. 25*. Bloemfontein: Nasionale Pers.

1943b. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 1 (April 1861 – April 1943)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1948. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 2 (April 1943 – Oktober 1948)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1953. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 3 (November 1948 – Oktober 1953)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1958. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 4 (November 1953 – Junie 1958)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1963. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 5 (Julie 1958 – Februarie 1963)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1967. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 6 (Maart 1963 – Desember 1966)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1971. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 7 (Januarie 1967 – Desember 1970)*. Emmarentia: P.J. Nienaber.

1977. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 8 (Januarie 1971 – Desember 1974)*. Johannesburg: Perskor.

1981. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 9 (Januarie 1975 – Desember 1977)*. Johannesburg: Perskor.

1982. *Bibliografie van Afrikaanse boeke. Deel 10 (Januarie 1978 – Junie 1981)*. Ongepubliseer. Beskikbaar by NALN.

ODENDAAL, B.J.

2001. "Bestekopnametyd? Strategiese funksies van tematiese poësiebloemlesings in die Afrikaanse literêre veld in die tydperk 1986-2000". *Stilet*, XIII(1):51-68.

2006. "Tendense in die Afrikaanse poësie in die tydperk 1998-2003". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 105-148.

OLIPHANT, A.

2000. "From colonialism to democracy: writers and publishing in South Africa". In: Evans, N. & Seeber, M. (reds.). *The politics of publishing in South Africa*. Scottsville: University of Natal Press; Londen: Holger Ehling Publishing, 107-126.

PRINT INDUSTRIES CLUSTER COUNCIL (PICC).

2004. *PICC report on intellectual property rights in the print industries sector*. Kaapstad: PICC.

*PRODUKSIEDATABASIS VAN AFRIKAANSE FIKSIE* (PDAF).

2006. Databasis van die produksie van Afrikaanse fiksiepublikasies gedurende die periode 1990-2003. Ontwikkel deur Rudi MR Venter. Pretoria: Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

ROOS, H.

1998. "Perspektief op die Afrikaanse prosa van die twintigste eeu". In: Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik, 21-117.

2006. "Die Afrikaanse prosa 1997-2002". In: Van Coller, H.P. (red.). 2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik, 43-104.

ROSE, J.

2001. From book history to book studies. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.printinghistory.org/htm/misc/awards/2001-SHARP.htm> Besoek: 28 April 2004.

SCHOEMAN, K.

2002. *Die laaste Afrikaanse boek: outobiografiese aantekeninge*. Kaapstad: Human & Rousseau.

SNYMAN, M.E.

2001. "Die plek van die jeugreeksboek in die geskiedenis van die Afrikaanse Letterkunde". *Tydskrif vir letterkunde*, XXXIX(1/2):46-59.

SOCIETY FOR THE HISTORY OF AUTHORSHIP, READING AND PUBLISHING (SHARP).

2007. *About SHARP*. [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sharpweb.org/intro.html> Besoek: 15 Februarie 2006.

STEYN, J.C.

1998. *Van Wyk Louw: 'n lewensverhaal Deel I & Deel II*. Kaapstad: Tafelberg.

2002. *Penvegter: Piet Cillié van Die Burger*. Kaapstad: Tafelberg.

2004. *Die honderd jaar van MER*. Kaapstad: Tafelberg.

SUID-AFRIKA.

1997. Wet op Pliglewering, no. 54 van 1997. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.polity.org.za/html/govdocs/legislation/1997/act54.pdf> Besoek: 31 Mei 2005.

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEK.

1991. *Book publishing in South Africa for the 1990s*. Gebundelde referate van 'n simposium oor die Suid-Afrikaanse boekuitgewerybedryf, Suid-Afrikaanse Biblioteek, Kaapstad, 22-23 November 1990. Kaapstad: Suid-Afrikaanse Biblioteek.

SWANEPOEL, C.F.

1991. "Interdissiplinêre taal- en literatuurstudie in Suid-Afrika". *Literator*, 12(2):35-48.

UNIVERSITEIT VAN TILBURG.

2006. *Marketing and Sociology of Books*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.tilburguniversity.nl/faculties/arts/research/msb/programme/> Besoek: 14 Februarie 2006.

VAN COLLER, H.P. (RED.).

1998. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuur-geskiedenis. Deel 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.

1999. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuur-geskiedenis. Deel 2*. Pretoria: J.L. van Schaik.

2006a. *Perspektief en profiel. 'n Afrikaanse literatuur-geskiedenis. Deel 3*. Pretoria: Van Schaik.

2006b. "Dié eerder 'persoonlike leesverslag'". *Volksblad*, 15 Mei:8.

VAN COLLER, H.P. & ODENDAAL, B.J.

2004. *"Aan boekemaak kom geen einde nie…" Ervaringe en gevolgtrekkings van die redakteurs van* Stilet. Referaat gelewer tydens die gesamentlike kongres van die Afrikaanse Letterkundevereniging (ALV) en die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek (SAVN), Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit, 21-25 September.

VAN DER WAAL, M.

2006. *The Battle over the Books: Processes of Selection in the South African Literary Field*. Groningen: Stichting Drukkerij C. Regenboog.

VENTER, R. MR.

2004. *Waarnatoe met die Afrikaanse fiksieboek? / Which way with the Afrikaans fiction book?*. Referaat gelewer tydens die Young Voices – The 2004 South African Online Writers' Conference. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.litnet.co.za/youngwriters/rudi_mr_venter_a.asp> Besoek: 25 November 2004.

2006. *Die materiële produksie van Afrikaanse fiksie (1990-2005) – 'n Empiriese ondersoek na die produksieprofiel en uitgeweryprofiel binne die uitgeesisteem*. Ongepubliseerde proefskrif. Pretoria: Program Uitgewerswese, Departement Inligtingkunde, Universiteit van Pretoria.

VERDAASDONK, H.

1990. "Marketing en sociologie van het boek". In: Joostens, F. (red.). *Het esthetisch belang: Nieuwe ontwikkelingen in de literatuursociologie*. Tilburg: Tilburg University Press, 19-33.

WAFAWAROWA, B.

2004. *Publishing after a decade of democracy*. Ongepubliseerde referaat gelewer tydens die Time of the Writer-fees, 26 Maart 2004, Durban.

WHITAKER BOOKBANK.

2004. *Whitaker Products – Bookbank*. [Intyds]. Beskikbaar: <http://www.whitaker.co.uk/bkbank.htm> Besoek: 8 April 2004.

WYBENGA, G. & SNYMAN, M. (REDS.).

2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom: 'n gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA.